Bybelse Dissipelskap

# Die Heilige Gees

1 Korinthiërs 12:13

Gees van Lewe

2 Korinthiërs 1:22

Voorspraak

Vertrooster

Johannes 14:16-17

Gees van Waarheid

Raadgewer

Efesiers 4:30

Romeine 8:9

Gees van Genade

Advokaat

1 Korinthiërs 6:19-20

Efesiers 5:18

PAARL VALLEY
baptiste kerk
baptist church

1 Korinthiërs 6:19-20

19 Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees
wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself
behoort nie? 20 Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle
liggaam en in julle gees wat aan God behoort.

Die Heilige Gees speel 'n aktiewe en deurlopende rol; voor, gedurende en nadat 'n persoon Jesus Christus as sy persoonlike Verlosser aangeneem het . In hierdie les gaan on oor die volgende leer…

- Wie is die Heilige Gees?
- Watter funksie die Heilige Gees vervul?
- Hoe wandel die gelowige in die Gees?

## Wie is die Heilige Gees?

Dit is baie moeilik om persoonlikheid te definieer wanneer ons na God verwys, want ons kan nie God meet volgens meslike standarde nie. Wanneer iemand egter oor sekere eienskappe van persoonlikheid beskik, is dit dan moontlik om dit aan Hom toe te skryf.

### Die Persoonlikheid van die Heilige Gees

- Die name van die Heilige Gees impliseer op persoonlikheidstrekke - Byvoorbeeld "Vertrooster"
- Die Bybel maak gebruik van manlike voornaamwoorde om na die Heilige Gees to verwys.
- Karakter eienskappe word aan die Heilige Gees toegeskryf
- Aksies word aan die Heilige Gees toegeskryf (praat, voorspraak, ens.)
- Die Heilige Gees is sensitief vir ons optredes (byvoorbeeld - as ons teen Hom sondig/ Hom bedroef/ beledig)

### Die Goddelikheid van die Heilige Gees

Met ander woorde… Die Heilige Gees is God.

Dit word duidelik uiteen gesit in die Bybel:

- Goddelike name word aan die Heilige Gees gegee. (Sien Hand. 5:4 + 2 Kor. 3:18)
- Die Heilige Gees beskik oor Goddelike eienskappe:
  - Alomteenwoordig: Psalm 139:7-10
  - Alkragtig: Lukas 1:35
  - Alwetendt: 1 Kor. 2:10-11
- Goddelike werke word toegeskryf aan die Heilige Gees:
  - Skepping: Gen. 1:2 + Job 33:4
  - Regenerasie: Joh. 3:5-8
  - Opstanding: Rom. 8:11
- Die Naam van die Heilige Gees word geassosieër met die van die Vader en die Seun.
- Skrifgedeeltes in die Ou Testament wat na God verwys, verwys in die Nuwe Testament na die Heilige Gees. (Jes. 6:8-10/Hand. 28:25-27 + Ex. 16:7/Heb. 3:7-9)

### Die Name van die Heilige Gees

- The Heilige Gees (Lukas11:13)
- The Gees van genade (Heb. 10:29)
- The Heilige Gees en vuur (Mat. 3:11-12)
- The Gees van Waarheid (1 Joh. 5:6)
- The Gees van die Lewe (Rom. 8:2)



## Watter Funksies vervul die Heilige Gees?

Dis belangrik vir die student wat God se Woord bestudeer om te onthou dat die Heilige Gees se verhouding en bediening verskil tussen die verskillende bedelings. Die mannier waarop Hy gehandel het voor Pinkster vorm nie die basis vir die mannier waarop Hy vandag werk nie.

- Aktief betrokke in die skeppingswerk (Genesis 1:3; Psalm 33:6; Job 33:3)
- Aktief betrokke in die bewaar teen verderf van di natuur (Jes. 40:7)
- Beteuel die wetteloosheid van die wêreld (2 Tess. 2:7)
- Vermaan die wêreld oor sonde en openbaar God se geregtigheid en oordeel (2 Kor 4:3-4; Rom. 1:16-18; Rom 3:22; Rom. 4:5)
  By His reproving ministry, the Holy Spirit causes the unsaved individual who is blinded by Satan to comprehend these three vital facts in the Gospel.
- Regenerasie Wanneer 'n persoon sy vertroue in Jesus Christus alleen plaas vir sy redding, beweeg die persoon van 'n toestand van geestelike dood na geestelikke lewe.
- Woon in die gelowige (Joh. 7:37-39; Rom. 5:5; Rom. 8:9; 1 Kor 2:12)
- Doop die gelowige (1 Kor. 6:17; 1 Kor. 12:13; Gal. 3:27)
- Verseel die gelowige (2 Kor. 1:22; Ef. 1:13; Ef. 4:30)
- Vervul die gelowige (Ef. 5:18)

### Inwoning van die Heilige Gees

- Die gelowige se liggam is 'n tempel. Wanneer 'n persoon sy geloof in Jesus stel vir sy redding, is sy liggam 'n tempel waarin die Heilige Gees woon.
- Die inwoning van die Heilige Gees is God se verantwoordelikheid teenoor die gelowige. Daar is geen menslikke verantwoordelikheid hierby betrokke nie;
- Die inwoning van die Heilige Gees is die teken van 'n ware wedergebore gelowige. Paules her aan die vleeslike mense van Korinthe gesê: "Of weet julle nie dat julle liggam 'n tempel van die Heilge Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie?" (1 Kor. 6:19).

  Johannes 14:16-17
  16 En Ek sal die Vader vra en Hy sal vir julle 'n ander Raadgewer stuur om vir
  altyd by julle te wees; 17 dit is die Gees van die waarheid. Die wêreld is nie in
  staat om Hom te ontvang nie omdat hy Hom nie sien of ken nie. Julle ken
  Hom egter, omdat Hy by julle gaan bly en in julle sal woon.

  Romeine 8:9,11
  9 Maar julle word nie deur julle sondige natuur beheer nie. Julle word beheer
  deur die Gees omdat die Gees van God in julle woon. Onthou, iemand wat
  nie die Gees van Christus het nie, is nie een van sy mense nie! 11 Omdat die
  Gees van die God wat Jesus uit die dood opgewek het in julle woon, sal Hy
  wat Christus uit die dood opgewek het, ook julle dooie liggame weer
  lewendig maak deur dieselfde Gees wat in julle woon..

  1 Korinthiërs 6:19-20
  19 Of verstaan julle nie dat julle liggame 'n tempel van die Heilige Gees is wat
  in julle woon en deur God aan julle gegee is nie? Julle behoort nie aan
  julleself nie, 20 want julle is teen 'n duur prys gekoop. Daarom moet julle God
  met julle liggaam verheerlik. .

Die gelowige het niks te doen met die inwoning van die Heilge Gees nie…
…maar die gelowige word beveel om met die Gees vervul te word.
(Ephesians 5:18).

## Die Heilige Gees verseël die gelowige

- By die punt van bekering ontvang elke gelowige die Heilge Gees as seël wat dui op Goddelike eienaarskap en ewige sekuriteit.
- Ons is duur gekoop - soos Paules sê, behoort ons nie meer aan onself nie. (1 Kor. 6:19-20)
- Die Heilige Gees is God se teken van eienaarskap.
- Die Heilige Gees is God se teken van goedkeuring en dat ons opregte outentiek kinders van God is.

2 Korinthiërs 1:22
22 Hy het ons as sy eiendom gemerk en die Gees in ons harte gevestig as deposito wat as waarborg dien van alles wat Hy nog vir ons gaan gee.

Efesiërs 1:13
13 Deur wat Christus gedoen het, het ook julle die waarheid gehoor, die Goeie Nuus waardeur julle verlos word. Op grond van wat Christus gedoen het, is julle, toe julle tot geloof gekom het, tot God se eiendom gemerk deur die Heilige Gees wat God belowe het.

Efesiërs 4:30
30 Ja, moenie God se Heilige Gees hartseer maak nie. In julle eenheidsband met die Heilige Gees lê julle waarborg dat julle God se verlossingsdag sal belewe.

## Die Doop van die Heilige Gees

1 Korinthiërs 12:13
13 Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge.

- Die aanvanklike doping met die Heilige Gees het op Pinksterdag plaasgevind. (Handelinge 1:5; 2:33; 11:16).
- Daarna het individuele gelowiges die doop van die Heilge Gees met bekering ontvang.

  Handelinge 11:15–17
  15 "Ek het net begin om die Goeie Nuus aan hulle te vertel, toe kom die Heilige Gees op hulle net soos op ons in die begin.
  16 Toe dink ek aan die woorde van die Here toe Hy gesê het: 'Johannes het wel met water gedoop, maar július sal met die Heilige Gees gedoop word.'
  17 Aangesien God dan dieselfde geskenk aan die nie-Jode gegee het as aan ons toe ons tot geloof in die Here Jesus Christus gekom het, watter reg het ék om God te keer?"

- Elke gelowige ontvang die doop van die Heilige Gees, ongeag van ras of sosiale status. Ons is nou op gelyke grond in die sin dat ons van almal lede is van die liggam van Christus.
  - Die gelowige doop met water is 'n illustrasie hiervan.

Soos 'n tak op die wingerdstok ingeent word, sluit die gelowige by Christus aan deur die doop van die Heilige Gees. As iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel. Christus is die hoof en alles wat Christus is of gedoen het word tot die gelowige toegereken. (2 Corinthians 5:17)

## Die Vervulling met die Heilige Gees

Efesiërs 5:18

18 Moenie dronk word met wyn nie, daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul.

- Die wyn wat 'n persoon inneem, beheer elke aspek van sy lewe - solank hy dit drink..
- "word vervul" kom daarop neer dat die Heilige Gees, wat in ons woon, ons volkom beheer.
- Die gelowige moet "aanhoudend" met die gees "vervul" word.
- Om met die Heilge Gees vervul te word, beteken nie dat die gelowige meer van Hom kry nie, maar dat Hy meer van die gelowige kry - solank as die gelowige gehoorsaam is aan God..
- "Om vervul te wees" beteken dieselfde as om deur die Woord beheer te word.
- Die Gees van Waarheid gebruik die Woord om ons te lei om God se wil en werk te doen..

Om "met die Heilige Gees vervul te wees" en om "in die Gees te wandel" is sininiem met mekaar. Dit is 'n bewustelikke fokus op die Here en Sy beginsels waar ons nie toegee aan die vlees nie, maar eerder aan God se Woord gehoorsaam bly.. (Romeine 6:11-14)

Die volgende is vereistes wat nodig is om met die Heilge Gees vervul te word...

- Sondes waarvan jy bewus is moet bely word

  Efesiërs 4:30

  30 Ja, moenie God se Heilige Gees hartseer maak nie. In julle eenheidsband met die Heilige Gees lê julle waarborg dat julle God se verlossingsdag sal belewe..

  1 Johannes 1:9

  9 As ons egter ons sondes bely, Hy is betroubaar en regverdig om ons sondes te vergewe en ons skoon te maak van alles wat verkeerd is.

- Die gelowgemoet sy hele lewe aan God oorgee (toewy)

  Romeine 6:13

  13 Julle is betrokke in 'n geestelike oorlog. Moenie langer julle liggaamlike vermoëns as wapens van ongeregtigheid vir die sonde beskikbaar stel nie, maar stel julleself voortdurend vir God beskikbaar omdat julle uit die dood weer lewendig geword het. Stel al julle liggaamlike vermoëns as wapens van geregtigheid tot God se beskikking.

Romans 12:1

Nou wil ek julle baie ernstig vra, broers en susters: As julle dink aan alles wat God in sy groot barmhartigheid vir julle gedoen het, gee dan julleself aan Hom as 'n lewende en heilige offer. Dit is dié soort offer waarvan Hy hou, en wat julle diens aan God werklik sinvol maak..

1 Tessalonisense 5:19, "Moenie die Gees uitblus nie."

- Om van oomblik tot oomblik afhankilk te wees aan die Heilige Gees

Galasiërs 5:16

16 Ek sê: Laat julle leefstyl eerder deur die Gees bepaal word. Dan sal julle glad nie aan die begeertes van julle sondige geaardheid toegee nie.

Die Vervulling met die Heilige Gees lei tot:

- Christelike Karakter (Galasiërs 5:22-23)
- Christelike Diensbaarheid (Efesiërs 4:11-13)
- Leiding deur die Heilige Gees (Joh. 16:13; 1 Kor. 2:9-10; 1 Joh. 2:27)
- Ware lof en dankbaarheid (Efesiërs 5:18-20)

# Les #8

Wat is die funksies van die Heilige Gees?

1) ______________________________________________
2) ______________________________________________
3) ______________________________________________
4) ______________________________________________
5) ______________________________________________
6) ______________________________________________
7) ______________________________________________
8) ______________________________________________
9) ______________________________________________

Wat beteken die "inwoning" van die Heilige Gees?

______________________________________________

______________________________________________

Wanneer vind die "inwoning" van die Heilige Gees plaas? ______________

______________________________________________

Wat beteken dit om met die Heilige Gees "verseël" te wees?

______________________________________________

______________________________________________

Wanneer vind die "verseëling" van die Heilige Gees plaas?______________

______________________________________________

______________________________________________

Wat word beteken deur die stelling "die doop van die Heilige Gees"?

______________________________________________

______________________________________________

Wanneer gebeur "die doop van die Heilige Gees"?______________________

______________________________________________

Wat beteken dit om "met die Heilige Gees vervul" te wees? ______________

______________________________________________

Wanneer vind "die vervulling met die Heilige Gees" plaas? ______________

______________________________________________